Redaksioneel

Marius Swart en Ronel Foster

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, sowel as die vorige een, word opgedra aan proff. Louise Viljoen en Marlene van Niekerk, wat albei aan die einde van 2019 as uitgelese professore van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch (US) uittree. Hierdie twee akademici was in hul voorgraadse jare klasmaats; daarna sou hul loopbane ander trajekte volg, totdat hulle in 2000 kollegas sou word; albei het later die Kanselierstoekenning vir hulle besondere bydraes ontvang. Vakgenote in en buite Suid-Afrika het tot hierdie twee uitgawes van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* bygedra om hulle te huldig.

Marlene van Niekerk het in 1978 haar MA in Filosofie aan die US behaal en het ook in dié jaar die Kanseliersmedalje vir haar uitnemende akademiese prestasie oor die voorafgaande vyf jaar ontvang. Sy sit haar studies in die buiteland voort en handel in 1985 ’n Drs. in Filosofie aan die Universiteit van Amsterdam af met ’n tesis waaraan ’n punt van 95% toegeken word. Hierna doseer sy aan die Universiteit van Zululand, UNISA en die Universiteit van Witwatersrand.

Marlene sluit in 2000 by die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US as medeprofessor aan, word in 2007 tot professor bevorder en in 2017 tot uitgelese professor. Sy is ook inwonende skrywer van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en koördineerder van die MA-graadkursus in Kreatiewe Skryfkunde. Uit hierdie program is reeds 16 tesisse gelewer, onder studieleiding van haar en haar kollega Willem Anker, wat haar eerste student aan die US was. Verskeie studente uit die MA-graadkursus het gevestigde skrywers geword en talle literêre pryse (waaronder meer as een Hertzogprys) verower, hetsy vir die manuskrip wat in die program voltooi is of vir daaropvolgende werk. In hierdie verband kan gedink word aan skrywers soos byvoorbeeld Anker, Deon Meyer, Tertius Kapp, Loftus Marais, Fanie (S.J.) Naudé, James Whyle, Bibi Slippers, Alettie van den Heever en wyle Harry Kalmer. Benewens studente wat die formele skryfkundeprogram voltooi, tree Marlene op as mentor vir verskeie ander studente en skrywers, waaronder nog etlike pryswenners tel, en as studieleier vir studente in Afrikaans en Nederlands, literêre vertaling en lewensbeskrywing.

Sy is ’n gewaardeerde en betrokke lid van haar tuisdepartement. Hierbenewens vul sy die Afrika-leerstoel aan die Universiteit van Utrecht by twee geleenthede en ontvang sy in 2009 ’n eredoktorsgraad van die Universiteit van Tilburg. Haar verdere bedrywighede sluit talle openbare gesprekke, lesings en onderhoude, asook deelnames aan slypskole, paneelbesprekings en kollokwia in.

As skrywer onderskei Marlene haar met die publikasie van die digbundels *Sprokkelster*, *Groenstaar* en *Kaar*, die kortverhaalbundel *Die vrou wat haar verkyker vergeet het*, die romans *Triomf* en *Agaat*, *Memorandum. 'n Verhaal met skilderye* saam met die skilder Adriaan van Zyl, *Die Sneeuslaper*, 'n roman in vier dele, asook twee bundels ekfrastiese gedigte in Afrikaans en Nederlands, *Gesant van die mispels* en *In die stille agterkamer*. Sy word benoem vir die Man Booker International-prys, wen twee keer die Hertzogprys, een vir prosa en een vir poësie, en meer as 20 ander plaaslike en internasionale toekennings en pryse. Haar werk word in Engels, Nederlands, Frans, Duits, Sweeds, Noors en Italiaans vertaal en akademies nagevors in 6 doktorale proefskrifte, meer as 25 meestersgraadtesisse en meer as 60 akademiese artikels.

Louise Viljoen (gebore Van Zyl) is in 1978 aangestel as lektor in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US – haar almal mater. Die volgende jaar behaal sy haar MA, en in 1988 haar DLitt met 'n proefskrif oor Breyten Breytenbach se gevangenisbundel (*'yk'*). In 1999 word sy bevorder tot professor en in 2014 tot uitgelese professor. Sy tree by verskeie universiteite in Suid-Afrika en die Lae Lande as gasdosent op. Vanaf September tot Desember 2019 is sy hoogleraar in die leerstoel Zuid-Afrika: Talen, literaturen, cultuur en maatschappij aan die Universiteit Gent in België. By haar tuisuniversiteit dien sy meermale as departementele voorsitter. Van 1996 tot 2013 dien sy in die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (as voorsitter van 2007-2013), en hiernaas ook in verskeie ander nasionale en internasionale komitees en rade.

Louise is die akademiese outeur wat wêreldwyd die meeste aangehaal word oor die Afrikaanse letterkunde. Haar navorsingsoeuvre bestryk al drie tradisionele terreine van die literatuurstudie, naamlik literêre kritiek, literatuurgeskiedenis en literêre teorie; dit omvat onderwerpe soos byvoorbeeld postkolonialisme, geslagtelikheid, identiteit, kosmopolitanisme en transnasionalisme. Sy het sowat 60 artikels in vaktydskrifte gepubliseer; 30 hoofstukke in boeke; en 250 resensies in koerante, tydskrifte en op literêre webwerwe. Verder lewer sy meer as 50 referate by nasionale en internasionale kongresse, en tree sy by tientalle ander geleenthede op. Sy is die skrywer van *Ons ongehoorde soort. Beskouings oor die werk van Antjie Krog* (2009), 'n kort biografie getitel *Ingrid Jonker* (Afrikaans in 2012 en Engels in 2013) en *Die mond vol vuur. Beskouings oor die werk van Breyten Breytenbach* (2014). Saam met Ronel Foster was sy samesteller van die bundel *Poskaarte. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (1998) en saam met Hennie van Coller en Helize van Vuuren van *Afrikaans poems with English translations 2* (2018); sy het ook 'n keuse gemaak van gedigte uit die werk van Barend Toerien met die titel *Om te onthou* (2006).

Meer as 30 studente het hul MA-tesisse onder Louise se leiding voltooi, en 13 hul doktorale proefskrifte. Uit hierdie nagraadse studies het meer as 40 vakartikels voortgespruit – almal onder die studente se eie name.

In haar roemryke loopbaan van 41 jaar ontvang Louise verskillende beurse, pryse en toekennings, onder meer 'n navorsingstoekenning van die Nasionale Navorsingstigting (2000), die Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing (2004), die HB en MJ Thom-beurs (2010 en 2017), die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Literêre Kritiek van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (2016), en die ATKV-Suid-Afrikaanse Akademieprys vir die beste wetenskaplike artikel in Afrikaans (in 2012 en 2019).

Die "koue statistiek" van hierdie twee opsommings laat nie reg geskied aan die enorme impak van Marlene en Louise op die Afrikaanse letterkunde en literêre sisteem nie. Hulle invloed is langwerkend; hul roem strek wyd; hul intellektuele vermoëns is verstommend; hul persoonlikhede begeesterend.

Die akademiese bydraes in hierdie uitgawe word geraam deur twee kreatiewe bydraes, 'n gedig deur Heilna du Plooy as opening en 'n kunswerk gebaseer op 'n gedig uit *Kaar* en verbandhoudende argiefmateriaal deur Keith Dietrich as slot.

Die eerste van sewe akademiese artikels in hierdie uitgawe is deur Geert Buelens en dit betref die aktuele kwessie van Vlaamse koloniale skrywers se uitbeelding van vroue- en swart karakters in die Kongoliteratuur. Dit blyk dat die werke van Vlaamse vroueskrywers in die koloniale era grootliks dieselfde rassistiese stereotipes herhaal as wat in hul manlike eweknieë se werk voorkom, hoewel daar sprake van 'n spel met tradisionele of verwagte verhoudings by sekere skrywers na vore tree.

Marius Crous ondersoek Nederlandse gedigte waarin met Bach en sy musiek gewerk word. Die artikel word aangebied as 'n transtekstuele reaksie op Marlene van Niekerk se gedig "By toccata en fuga in D mineur" uit haar debuutbundel en spoor 'n aantal gesprekke met die werk van Bach in etlike digters se werk na, waaronder Simon Vestdijk, Anna Enquist en andere. Die grootsheid van hierdie komponis en sy invloed op denkers, digters en die wêreld as sodanig word beklemtoon deur die wydlopende spore van sy komposisies in 'n verskeidenheid tekste na te speur. Net soos wat motiewe soos sterflikheid alomteenwoordig is in Bach se werk, is sy werk alomteenwoordig in die gedagtewêreld in die algemeen, en in hierdie gedigte spesifiek.

In die volgende artikel skryf Sonja Loots oor nog 'n terrein waar die gesprek tussen verskillende kunsvorme na vore kom, te wete die verwysings na skilderye in *Triomf* en *Memorandum*, hier beskryf as ensiklopediese romans, en wel as 'n vorm van ensiklopediese ikonografie. Die rol van sowel tekeninge en skilderye as die beskrywings van sodanige werke word ondersoek teen die agtergrond van

veral Barthes se werk oor ensiklopediese illustrasies, maar ook verbandhoudende insigte van Foucault en andere. Die artikel ondersoek die gelaagde ensiklopediese aard en onderbou van die betrokke romans, en die "kunstige alternatief" (of metafoor?) wat hulle vir die konvensionele wetenskaplike kennistradisies bied.

Rita Barnard se artikel ondersoek die ander Van Niekerk-roman, *Agaat*, saam met romans van Eben Venter en Ivan Vladislavic as tekenend van 'n gesofistikeerde poging by dié skrywers om die huidige tydsmoment te historiseer deur die modernistiese vormlike eksperimentering wat kenmerkend van die vroeë 20ste eeu was te herbekyk. Die posisie van Afrikaans as hoëfunksietaal en die gevolglike verbande wat die Afrikaanse literêre wêreld met die buitewêreld het, wat die skrywer beskryf as 'n duidelike teenvoeter vir die hedendaagse grootliks "anglocentric, confidently monolingual approaches to world literature, transnationalism, and the global novel", word ondersoek. Die artikel herbekyk eweneens bepaalde terme soos "modernisme" en "moderniteit" teen die agtergrond van die postapartheidliteratuur in Suid-Afrika en die unieke manier waarop in ons konteks daarop gereageer word, hetsy literêr of literêr-wetenskaplik.

In Derek Attridge se artikel reageer hy op die uitdagings wat *Memorandum* aan die leser stel, sowel in Afrikaans as in die Engelse vertaling. Met die teoretiese vertrekpunt dat die literêre werk 'n gebeurtenis is wat in die leser se ervaring daarvan voltrek word, eerder as 'n blote objek of draer van bepaalde betekenis, word daar gevra hoe die leser reg kan laat geskied aan 'n teks wat uit verbale sowel as visuele elemente bestaan. Die roman bied kennelik verskillende, meestal nie-lineêre, leesmoontlikhede, en daarom eweneens 'n verskeidenheid gebeurtenisse vir 'n verskeidenheid lesers – oftewel, dit funksioneer as "ergodiese" teks.

Die visuele staan ook as belangrike gegewe in Hein Viljoen se artikel waarin die nosie van "ekfrase" ondersoek word soos dit voorkom in gedigte van Marlene van Niekerk en Peter Verhelst. Ekfrase konfronteer die leser met die gaping tussen lees en interpreteer; die artikel poog om hierdie gaping te oorbrug deur analities te werk met Derrida se nosies oor omraming en die verlies aan die poëtiese stem. Uit hierdie analise blyk uiteenlopende benaderings tot ekfrase met wesenlike implikasies vir ons nadenke daaroor as teoretiese benadering en as skeppende praktyk.

Die laaste artikel, deur Willie Burger, bied 'n lesing van John Miles se roman *Op 'n dag 'n hond* as 'n reaksie op vrae wat in onlangse jare geopper is oor die waarde van literêre fiksie in die algemeen en die roman in besonder. Wat is in 'n era van sogenaamde "realiteitshonger" en 'n herbesinning oor magsverhoudinge, en waarin literêre fiksie 'n klein en kleiner wordende deel van die groter kultuurproduksie uitmaak, die durende krag van die roman, indien enige? Hierdie aktuele saak sluit die akademiese bydraes af.

Met hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, sowel as die vorige een, wil ons Marlene van Niekerk en Louise Viljoen huldig: twee kollegas wat elk 'n unieke rol gespeel het in die Departement Afrikaans en Nederlands, en in die Afrikaanse letterkunde. Ons wens hulle alles van die beste toe vir die toekoms. As gasredakteurs spreek ons graag ons dank uit teenoor die redakteur, Marni Bonthuys, vir haar leiding en raad; die keurders, vir hulle gewaardeerde werk; die teksversorgers, Willem de Vries (Afrikaans), Jan-Hendrik Swanepoel (Engels) en Gertie Veldman (Nederlands), vir hul deeglike redigering; en die uitlegkunstenaar, Christa van Zyl, vir die omslagontwerp en tipografie.

Universiteit Stellenbosch